



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Lees die teks en kies die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 19.

- Voltooi die volgende vergelyking.**
'Andries Somers was so sterk soos 'n'
(a) bees. (b) perd. (c) donkie. (d) olifant.
- Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord.**
'Andries was baie bang dat hy tronk toe sou gaan.'
(a) vrekbang (b) stokbang
(c) malbang (d) doodbang
- Watter voegwoord sal die beste pas in die onderstaande sin?**
'Hy was bang hy sou gehang word hy 'n moord gepleeg het.'
(a) want (b) daarom (c) omdat (d) maar
- Wat is die teenoorgestelde van 'per ongeluk'?**
(a) met opset (b) met ongeluk
(c) met geluk (d) per geluk
- Hoe sal jy die volgende vraag in die negatief beantwoord?**
'Het die polisie hom ooit gevang?'
(a) Nee, die polisie het hom nog nooit gevang nie.
(b) Nee, die polisie het hom nooit gevang nie.
(c) Nee, die polisie het hom nie ooit gevang nie.
(d) Nee, die polisie het hom nie al ooit gevang nie.
- Wat is die korrekte verkleinwoord van 'kopdoek'?**
(a) kopdoekkie (b) kopdoekie
(c) kopdoekjie (d) kopdoektjie
- Vul die korrekte voorsetel in.**
'Al die kindertjies was bang Antjie Somers.'
(a) van (b) met (c) vir (d) oor

Andries Somers was 'n visserman wat baie jare gelede aan die Kaapse kus gewoon het. Hy was 'n groot en sterk man en het baie hard gewerk. Die ander vissermanne het baie keer met hom moeilikheid gesoek en eendag het hy per ongeluk 'n ander visserman in 'n geveg doodgemaak. Hy het geweet hy sal in groot moeilikheid wees en dalk selfs hang, omdat hy van moord aangekla sou word.

Hy het gou-gou huis toe gegaan, 'n ou rok van sy suster aangetrek en 'n kopdoek opgesit. Hy het 'n paar van sy goed in 'n groot sak gesit en gevlug. Deur die jare het hy op 'n paar ander plekke werk gekry en vir almal gesê sy naam is Antjie Somers, maar hy was altyd bang mense sou verwil. Hy is nie regtig 'n vrou nie. Uiteindeelik het hy in die berge gevlug en daar het hy vir die eerste keer 'n lewe gebly. Hy het nooit meer met iemand gepraat nie, en het ook nooit weer sy suster gesien nie, maar mense het hom somtyds met sy sak oor sy skouer in die berge gesien wanneer hy vir dokter gesoek het. Ouers het hulle kinders banggemaak met stories oor Antjie Somers en het gesê dat sy stout kinders vang, in haar sak prop en wegdra.

Dit het verseker dat die kindertjies altyd soet was, want hulle was baie bang vir Antjie Somers!



Watter stelling is nie korrek nie?

Mense saam met wie Antjie Somers gewerk het, kon dalk agterkom hy is nie regtig 'n vrou nie want...

- hy het 'n baard gehad.
- hy was groot en baie sterk.
- hy het harige bene gehad.
- hy het nie mooi gelyk in 'n rok nie.

9. **Wat is die korrekte vorm van die woord tussen hakies?**

'Andries Somers was die (fluks) visserman op die boot.'

- fluksste (b) flukste (c) flukser (d) meer flukse

10. **Hoekom, dink jy, het Andries Somers sy suster se rok en kopdoek gedra?**

- Hy wou nog altyd soos 'n vrou aantrek.
- Hy wou nie die ander mense bangmaak nie.
- Hy wou nie hê mense moet hom herken nie.
- Hy het van sy suster se klere gehou.

11. **Watter van die volgende woorde beteken dieselfde as 'somtyds'?**

- baie (b) nooit (c) partykeer (d) gereeld



12. 'n Persoon wat visvang vir 'n lewe noem ons 'n visserman.

Wat noem ons 'n persoon wat op die myne werk?

- (a) mynskag (b) mynwerker
(c) myngrawer (d) mynspitter

13. Wat is die korrekte verlede tyd van die onderstaande sin?

'Die man val met sy kop teen 'n klip.'

- (a) Die man het met sy kop teen 'n klip geval.
(b) Die man het geval met sy kop teen 'n klip.
(c) Die man het met sy kop geval teen 'n klip.
(d) Die man het teen 'n klip met sy kop geval.



14. In watter een van die volgende sinne is die woordorde korrek?

- (a) Sy suster het in die berge jare lank na haar broer gesoek.
(b) Sy suster het jare lank gesoek na haar broer in die berge.
(c) Sy suster het jare lank na haar broer in die berge gesoek.
(d) Sy suster het haar broer in die berge jare lank gesoek.

15. Vul die korrekte voornaamwoord in.

'Hy het suster se rok aangetrek om homself te vermom.'

- (a) hom (b) haar (c) sy (d) hy



16. Verander die volgende stelling in 'n vraagsin.

Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

'Andries Somers slaap in die nag in 'n grot.'

- (a) Waarheen het Andries Somers in die nag geslaap?
(b) In wat het Andries Somers in die nag geslaap?
(c) In wat slaap Andries Somers in die nag?
(d) Waar slaap Andries Somers in die nag?

17. Andries moes velddiertjies soos vang om te eet.

- (a) muise, voëls en hase
(b) muise, slakke en skape
(c) voëls, hase en visse
(d) muise, katte en hase



18. Hoe sal jy die volgende sin in die lydende vorm oorskryf?

'Andries Somers soek elke dag kos in die veld.'

- (a) Kos is elke dag deur Andries Somers in die veld gesoek.
(b) Kos word deur Andries Somers elke dag in die veld gesoek.
(c) Kos is elke dag in die veld deur Andries Somers gesoek.
(d) Kos word elke dag deur Andries Somers in die veld gesoek.

19. Gebruik 'n antoniem vir die woord 'sterk'.

- (a) streng (b) swak (c) siek (d) sag

Lees die teks en kies die korrekte antwoord vir vrae 20 – 35.

20. Wat is die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord?

'Die skrywer van die boek is Fanie Jacobs's.'

- (a) skryfsteres (b) skryfster
(c) skrywerin (d) skrywers

21. Hoe sal jy die sin korrek oorskryf in die teenwoordige tyd?

'Ek het my boek vir my sussie weggesteek.'

- (a) Ek steek weg my boek vir my suster.
(b) Ek weggesteek my boek vir my sussie.
(c) Ek hê my boek vir my sussie weggesteek.
(d) Ek steek my boek vir my sussie weg.

Nuut op die rakke!

Die nuutste boek van jong tieners se gunstelingskrywer, Fanie Jacobs.

As jy van 'n goeie spookstorie hou en nie sommer gou bang word nie, is hierdie boek net vir jou.

Spesiale aanbod: Slegs R150!

22. Wat is die meervoud van 'graf'?

- (a) grafte (b) grawwe
(c) graftes (d) graffe

23. As jy na die advertensie van die boek kyk, watter tipe boek dink jy is dit?

- (a) romanse (b) riller
(c) komedie (d) reisverhaal

